**3 Junie**

Skrifgedeelte: Spreuke 1:1-7
Fokusgedeelte: Spreuke 1:7

# Die hoofsaak van Spreuke

Hier het ons die hoofsaak waaroor die wysheidsboek handel. Dat ons die HERE, die troue Verbondsgod moet vrees, beteken nie dat ons vir Hom moet bang wees nie. Dit beteken in werklikheid twee dinge: Dat ons vir Hom die hoogste eerbied, agting sal hê. En dat ons Hom van harte sal liefhê.

Watter genade dus om die HERE te mag vrees! Niemand sou uit hom- of haarself ooit daartoe kon kom nie. Dis die HERE wat self sy heerlikheid uitwerk in elke mens wat Hy uitverkies het. Deur die Heilige Gees bring Hy jou onder die besef van sy heerlikheid en almag. So skep Hy self jou hoogagting en eerbied vir Hom. Maar ook dat jy Hom sal liefhê en innig dankbaar teenoor Hom sal wees. Want deur sy Gees werk Hy self in jou, ook die vaste sekerheid dat Hy deur Jesus Christus al jou sonde en skuld vir altyd versoen het.

Hierdie hoogs begenadigde mens in wie die HERE dit dan gewerk het om Hom met hoogagting en liefde te vrees, sal ook verder begelei word om daaraan uiting te gee: Hom te wil dien en eer en verheerlik deur in elke situasie van die lewe te vra: *"Here, wat wil U hê moet ek doen?"*

Nou is Spreuke juis sy handige boek vir hoe ons dit op 'n honderd, nee, duisend terreine van die alledaagse lewe moet doen. Spreuke is 'n praktiese uiteensetting van die Here se wet, lewenslesse, beginsels vir die daaglikse lewe ... Hoe om Hom te dien. En natuurlik ook, hoe om met ander mense om te gaan. Kortom, Spreuke bied aan ons die ware kennis, of wysheid, soos 9:10 dit stel. Mag die gebruik van hierdie lewensriglyn ons lewens verryk, ons omgewings bevrug en God verheerlik!

Sing: Psalm 25:6, 7

Ds CJ Nagel (sr) (Messina)